durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

1 - 15 Maart 2025

2 Maart 2025, DOOP
EERSTE LYDENSWEEK

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Johan Els
Glow Kidz (Saal)
Chaldin Bezuidenhout

18:00 **@6 Diens (Ouditorium)**
Pieter Truter

Deuroffer: Teologiese Kweekskool

9 Maart 2025, FAMILIEDIENS
TWEEDE LYDENSWEEK

9:00 **FAMILIEDIENS (ALMAL Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz
Saam met ouers
Regeneration
Ook by oggend

18:00 **Geen**

Deuroffer: Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)

16 Maart 2025,
Derde Lydensweek

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens (Ouditorium)**
Pieter Truter

Deuroffer: Zimbabwe, Malawi, Mosambiek

23 Maart 2025,
Vierde Lydensweek

9:00 **Familiediens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait

Deuroffer: Studiefonds

30 Maart 2025,
Vyfde Lydensweek

9:00 **Familiediens (Ouditorium)**
Chaldin Bezuidenhout

Deuroffer: Studiefonds

Die Regeneration tieners was verlede naweek in Bainskloof op die HISTORYMAKER kamp onder leiding van Ds. Mizelle Prinsloo, Pieter Truter, Dian Keyter en Chaldin Bezuidenhout.

Saam het die groep geestelik gegroei, gekuier en baie pret gehad.

Orrelfees ∞ 19 Maart 2025 ∞ 10:00 ∞ Ouditorium

GEBEURE OORSIG:

2 Maart: Lydenstyd BEGIN
5 Maart: Gawes Kursus
5 Maart: Aswoensdag
7 Maart: Wêreldbiddag vir Vroue
8 Maart: Wêreldbiddag vir Mans
8 Maart: OPPIEHOEK BASAAR
9 Maart: FAMILIEDIENS
14 Maart: Kuns Oase
15 Maart: Genade in Verlies Groepe
24 Maart: Kerkraadsvergadering
25 Maart: Doopkategese
27 Maart: Seniors (slegs lede)
28 Maart: Skole sluit

Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het

Openbaring 4:11

Vanuit die Uitreikkantoor ...

MES Sentrum van Hoop Behoeftes

Die sentrum vir haweloses het ons gebede nodig. Hulle beleef tans 'n moeilikker tyd omdat hul bestuurder en hoof bemarker met siekverlof is.

As Gemeente was ons baie betrokke met die saam droom oor die oprigting van so 'n sentrum. Dit is baie belangrik dat ons voortdurend bid vir die sentrum van hoop wat haweloses help.

ONMIDDELIKE BEHOEFTELYS

Blikkies ertjies
Blikkies gemengde groente
10kg Rys
10kg Mieliemeel
1kg Grondboontjiebotter
1kg Konfyt
1kg Weetbix
750g Koffie
10kg Suiker
Aartappels & Uie
Pasta
Melk
Bees aftreksel blokkies

Ek is dringend op soek na akkomodasie vanaf einde Februarie 2025 vir 'n sober enkeldame (67 jr oud) wat van SASSA pensioen afhanklik is. Verkieslik 'n ongemeubileerde buitekamer met badkamer geriewe indien moontlik. Kontak L Burger 0824405662.

Gawes kursus

Aanbieder: Louis Blignaut
3 Woensdagaande van 5 Maart tot 19 Maart

Kostes: R50.00 pp

Vind uit wat is jou gawe en bedien daarvolgens.
Registreer by Liezl versorging@bergsigdv.co.za

1 Korintiërs 12:1
"Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees."

'n Paar feite oor Gawes ... Daar staan in die Bybel dat:

Elke gelowige 'n gawe ontvang het (Rom 12:6)
Jy jou gawe/s moet gebruik in dienswerk (1 Petrus 4:10)
Jy jou gawe/s moet ontwikkel (2 Tim 1:6)
Jy ingelig behoort te wees oor gawes (1 Kor 12:1)
Liefde belangriker is as gawes (1 Kor 13:1)
Ons gawes verskil van persoon tot persoon (Rom 12:6).
Ons gawes tot almal se voordeel gegee is (1 Kor 12:7)
Jy op jou sterkste gawes behoort te fokus (1 Kor 12:31)
Gawes gegee is vir die opbou van die gemeente (1 Kor 14:12)
Ons almal nie dieselfde funksie in die gemeente het nie (Rom 12:4)

NUWE LIDMATE WORD VERWELKOM

Op 19 Februarie is die afgelope tyd se nuwe lidmate verwelkom met n heerlike saamkuier ete waar daar lekker gesels en gekuier is. Bergsig heet julle harlik welkom!

Die Gasvryheidsbediening sê dankie

Die eredienste by die kerk op Sondagoggende is spesiale geleenthede waar Bergsig se lidmate saam as die Gemeenskap van Gelowiges aanbid. Vrywilligers wat deel is van die Gasvryheidspan verwelkom elke Sondag lidmate en nuwe intrekkers.

Almal word hartlik gegroet by die voordeur en sydeure voor die aanvang van die erediens. Eerste indrukke is blywend en gasvryheid en vriendelikheid versterk lidmate se betrokkenheid.

Die offergawes word opgeneem tydens die diens en die deuroffers by al die deure na dieste. Indeling van die vrywilligers word in die week voor die eredienste gedoen en lidmate word verwittig van hulle diensbeurte.

Alle Kerkraadslede en belydende lidmate, veral die persone in leiers posisies, by Bergsig word vriendelik uitgenooi om deel te word van die span. Dit is 'n wonderlike geleentheid om vriendskappe te versterk, verhoudings te bou en om nuwe mense te ontmoet.

Tydens vier eredienste op Sondagoggende gedurende die jaar word daar Gesamentlike Nagmaal gehou en grootmense en kinders kan saam die Nagmaal vier. Lede van die Gasvryheidspan help met vooraf reëlings en deel ook die tekens uit tydens die eredienste wat die volgende behels:

Sondagoggende vroeg word daar 640 glasies wyn / sap geskink en 13 bordjies broodtjies voorberei. By die @9 diens in die oggend help 26 hulpwerkers om die 520 lidmate te bedien. By die @6 diens in die aand help 6 Seniorjeug hulpwerkers met die bediening van 120 lidmate.

Die Gasvryheidsbediening wil elke vrywilliger wat deel is van die span hartlik bedank vir hulle bereidwilligheid om te help tydens die eredienste. Julle toewyding en entoesiasme word opreg waardeer en is deel van Bergsig se missie om Sy Ligdraers te wees wat eensgesind is in geloof en aanbidding.

As jy meer inligting benodig of deel wil word van die Gasvryheidspan kontak asseblief vir Ilse Fritz by die kerkkantoor.

Gasvryheidspan-groete

Sluit aan vir die oggend en laat die Heilige Gees jou lei terwyl jy met prente en “mod podge” op ’n houtstruktuur iets besonders skep.

Jy het geen kunsvaardigheid nodig nie. Alles wat jy nodig het, word voorsien. Deur gebed sal jy hoor watter prentjie die Here op jou hart plaas om op jou kunswerk te sit.

BESIGHEIDSKANTOORRUIMTE TE HUUR - 200m^2 (R140/m^2)

Welkom by die perfekte werksarea in die gesogte – hoog in aanvraag - Loevenstein area van Bellville. Hierdie 1ste verdieping kantoorruimte is in ’n rustige en veilige woonbuurt geleë.

Beskikbaar:

Parkering

Lugversorging in die oop kantoorruimtes en kantore.

Kombuis

Toilet

Kontak Dirk Coetzee 0846261008

Koninkrykbestuursveldtog

R430 125.98

Die finale bedrag mag dalk nog verander agv in-betalings wat reg aan end van maand gemaak is. Met die fondse woeker ons in die Koninkryk.

Wereldbiddag Vroue 7 Maart 2025

10:00 by die AGS St John str. (Aurora/Vergesig)
Onderwerp: U het my volmaak geskape.
Dit is opgestel deur die vroue van die piepklein Cook eiland

Wêreldbiddag Manne 8 Maart: Virtueel

Volgende Saterdag is dit basaar en ons sê by voorbaat dankie vir almal se harde werk en diensbaarheid. Ons bid die Vader se seen toe op die geleentheid en wei die dag aan Hom toe.





NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551

Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay

zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com